Liza Burger Landbouskwywers SA Noord se Joernalis van die Jaar

Liza Burger van Agri Connect is aangweys as Landbouskrywers SA Noord se eerste Joernalis van die Jaar.

Van links- Japie Grobler - Voorsitter van Agrisecuritas Trustfonds, Liza Burger van Agri Connect en Adv Kobus Engelbrecht van Sanlam.

Sy ontvang R15 000, waarvan R5 000 vir 'n joernalistieke kursus van haar keuse is.

Die Sanlam/Santam en Landbouskrywers SA Noord Joernalis van die Jaar toekenning gee jaarliks erkenning aan joernalistieke werk wat die beeld van Suid-Afrikaanse landbou en dié van die land se boere ten beste bevorder.

Die toekenning word ook ondersteun deur die Agri Securitas Trustfonds van Agri SA.

Uit die 21 inskrywings wat ontvang is, het 'n paneel van beoordelaars, bestaande uit verteenwordigers van Landbouskrywers SA Noord, Sanlam en Santam en die voorsitter van die Agri Securitas Trustfonds, Liza as wenner aangewys.

Deelnemers kon werk wat na hul mening die Suid-Afrikaanse landbou en die boer se beeld ten beste bevorder het, en wat tussen 1 Mei 2008 en 31 Mei 2009 gepubliseer is, inskryf. Artikels wat in die gedrukte of elektroniese media gepubliseer is, kon ingeskryf word.